

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
7 Maart 1974

Onderwerp: Sendingopdrag

Lees: Matthéüs 24 verse 1 tot 14

Teks: Matthéüs 24 vers 14  
Jesaja 11 vers 9

Sing: Gesang 156 verse 1 en 6  
Gesang 158 verse 4 en 5

“In Matthéüs 24 verse 4 tot 12 noem Jesus die tekens wat sy wederkoms sal voorafgaan en dan in vers 14: ‘En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ’n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.’

“Die wêreldwye sendingaksie is ’n teken van Jesus Christus se wederkoms, waaraan dikwels nie gedink word nie. Volgens dié profesie van Jesus Christus moet ons weet dat die wêreldwye sending in ’n besondere sin een van die tekens van Jesus se naderende wederkoms is. Trouens al die tekens wat sy koms vooraf gaan, loop uit op die sending as dié teken van die tye.

“Wat word verkondig met ‘hierdie evangelie van die koninkryk’?

“Dit is presies die boodskap waarmee Jesus sy prediking op aarde begin het: ‘En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig.’ (Mark 1:14)

“Dit is die goeie nuus dat God regeer. Jesus het verkondig dat God nie net sondes vergewe nie, maar dat Hy (Jesus Christus) Self sondes vergewe. Maar Jesus het nog méér gedoen. Hy het Homself as losprys gegee. Ja, Hy het die wêreld met God versoen met sy dood aan die kruis: ‘En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.’ (2 Kor 5:18,19) Jesus Christus het die vyandskap vernietig wat tussen God en die mens bestaan. (Ef 2:14-16) Jesus Christus het die ewige skeidsmuur afgebreek. Dit is deur Jesus Christus dat God die mens ontmoet.

“Jesus Christus se sendingopdrag is: ‘... julle sal my getuies wees.’ (Hand 1:8)

“Wie moet dit verkondig?

“Almal, nie net ’n paar sendelinge en predikante nie. Sending is die sin en doel van die kerk se bestaan en dus ook die sin en doel van elke gelowige se lewe. Jesus Christus het ons immers hiertoe geroep: ‘... om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig’. (1 Petr 2:9)

“Diegene wat dit nie doen nie, of ’n neutrale houding hierteenoor inslaan, is vir Jesus Christus onaanvaarbaar. Daarom het Hy gesê: ‘Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi.’ (Luk 11:23)

“Een van die gevaarlike dwalinge van die kerk is dat die predikant alleen ‘dienskneg van die Here’ en ‘verkondiger van die Evangelie’ is. Nee, God stuur elkeen wat vrygemaak is met die bloed van Jesus Christus die wêreld in. Nadat hulle tot geloof gekom het, het Hy ’n taak vir hulle. Volgens Handeling 2 vers 4 het al die gelowiges wat bymekaar was met die uitstorting van die Heilige Gees, begin spreek en getuig en nie nêr die Apostels nie.

“In die verlede is die taak van die kerk na binne dikwels ten koste van die taak na buite beklemtoon. Met ander woorde die bewaring en instandhouding van die kerk was dikwels ’n groter prioriteit as die uitbreiding van die kerk. Hierteenoor beteken die bede ‘... laat u koninkryk kom’ (Mat 6:10) om te bewaar én te vermeerder. As albei nie waar is vir die kerk nie, is sy optrede beslis selfsugtig.

“Jesus se lewensfilosofie het vir ons die voorbeeld gestel van bewaar en vermeerder. Jesus het gesê: ‘Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.’ (Joh 20:21) Die kerk moet nie net instand gehou word nie, maar moet ook sy ledetal vermeerder.

“Aan wie moet die Evangelie verkondig word?

“Dit moet aan die hele wêreld verkondig word. Die Evangelie moet die eindes van die aarde bereik. Dit is ook die betekenis van die vreemde tale waarin die Heilige Gees die gelowiges op Pinksterdag laat praat het. Hierdie vreemde tale was verstaanbaar, sodat elkeen die goeie nuus kon hoor. Dit is die wil van God dat die kerk in alle tale sal praat, waar daar nog mense is wat die nuus moet hoor.

“Sendingwerk moet oral gedoen word: aan dié wat vêr is en dié wat naby is. Maar Broers en Susters, beslis

nie n t aan die wat v r is nie. Die kerk doen laasgenoemde miskien ten koste van eersgenoemde.

“Wat moet verkondig word?”

“Dit is ’n belangrike vraag! Wat sou dit tog help as alle gelowiges werklik die implikasie van hulle Christenskap beseef en die hele w reld hulle hoor praat, maar nie die Evangelie van hulle hoor nie. En daar is baie “kerke” wat nie meer die ware Evangelie verkondig nie.

“Die inhoud van ons boodskap moet di  van die Apostels wees. Die Apostels het hulle boodskap in een woord saamgevat, naamlik Christus. Jesus Christus wat gesterwe het vir ons sondes: ‘... wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose w reld, volgens die wil van onse God en Vader’. (Gal 1:4)

“Ons moet verkondig dat ons Christene is wat saam met Jesus Christus opgewek is tot ’n nuwe lewe. (Rom 6) Dat ons deur Jesus Christus se dood die vrede van God ontvang het. (Ef 2:13-18)

“Die Apostels het Jesus ook deur hulle dade verkondig. Siekes is genees. Duiwels is uitgedryf, ensovoorts.

“Die Evangelie omvat die ganse Skepping, ook beide die liggaamlike en geestelike nood van die mens. Ons moet waak dat die een nie ten koste van die ander oorbeklemtoon word nie. Dit is juis die sonde van die *Social Gospels* omdat hulle die liggaamlike en sosiale nood oorbeklemtoon. Daarom kan hulle vir die mens op geestelike gebied niks meer bied as die ate s en die kommuniste. Wie nie vrede in God gemaak het en nie gehoorsaam luister na God se gebod van naasteliefde nie, sal kort voor lank weer van vooraf sy naaste uitbuit. Daarom het Jesus nie net voldoende lewensruimte aan elke mens kom gee nie, maar ook die versoening tussen God en die mens; en mens teenoor mens. Die Evangelie is goeie nuus vir die mens en omvat die hele mens in al sy verhoudinge en met al sy behoeftes.

“Wat is die doel van die verkondiging van die Evangelie?”

“Dit is kortliks dat die mens tot geloof sal kom. Maar dit beteken nie dat die mens maar net enigiets kan glo en daardeur salig sal word nie. ’n Mens word alleen deur die geloof gered as dit geloof in Jesus Christus is. Dit is ’n kennis van en ’n vertroue op Jesus Christus. Dit wil s , as jy van jou eie pogings afsien en jou vertroue vestig op dit wat Jesus vir jou gedoen het. Wanneer ’n

mens dit doen, red Jesus jou en nie jou geloof nie. En diegene met wie dit gebeur, word lede van Jesus se aardse liggaam - die Kerk.

“Jesus Christus het sy Apostels uitgestuur om hierdie vrede te verkondig aan die wat naby is en die wat vêr is. En as hierdie Evangelie aan die hele wêreld verkondig is tot ’n getuienis vir al die nasies, is dit die teken dat die Einde naby is. Al wat nog moet gebeur, is dat daar nog mense is wat hierdie goeie nuus moet hoor en glo. Dit is die doel van die tyd waarin ons leef. Dit is hoekom elkeen van die drie Evangelies met die sendingopdrag eindig.

“As die doel van God met die mens deur sy sendingopdrag bereik is, is daar niks wat Jesus Christus se koms meer verhinder nie. Dit is slegs God se lankmoedigheid wat nie wil hê dat sommige verlore moet gaan nie, wat Jesus Christus se wederkoms terughou.

“Broers en Susters, die kerk is geroepe om die dringende boodskap te verkondig, naamlik dat Jesus Christus se wederkoms naby is. Die wêreldwye verkondiging van die Evangelie moet, as teken van sy nabye wederkoms, die kerk voortdurend waaksaam hou. Die Kerk is dus ’n teken dat die Einde naby is, want in die Kerk word die doel van God met die mens sigbaar, naamlik vrede tussen God en die mens; en vrede tussen mens en mens. Juis dit laat ons beseef dat Jesus Christus se wederkoms naby is, want wanneer Hy sy vrededoel in ons bereik het, sal Hy ook ons wil gebruik om alles volmaak te herstel en te voleindig.

“As ’n kind van God weier om dit te doen, staan hy of sy in die pad van Jesus Christus se wederkoms.

“Die bestaan en uitbreiding van die Kerk roep dus na die koms van die Here: ‘En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.’ (Openb 22:17)

“Soos al die ander tekens het die wêreldwye sending deur die eeue geroep: wees gereed, elke oomblik!

“‘Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.’ (Matt 24:42)

“Amen.”

Kommentaar:

Die belangrikste sendingveld is die mense naby aan jou. Dit kan selfs lede van jou familie wees. Jy moet hiér begin, maar reik uit sover as wat jy kan.

Hou ook in gedagte dat jy jou nie ná jou dood op die Wederkoms kan voorberei nie. Waak dan omdat jou uur gouer mag kom as wat jy verwag.